

Inhoud hierdie preek wys hoe God self as Here oor alle magte in hemel en op aarde vir Hom bedienaars van sy Woord skep en vorm. Ook hoe God hulle wat sy diens vir hulle goddeloosheid en losbandigheid kaap, uit sy diens verwyder. God self maak predikante en professore wat Hom, sy offer en aanbidding minag, veragtelik. Hulle moet met in hierdie veragtelikheid gesien en hanteer word deur gelowiges. Gemeentes moet God vertrou om self predikers vir die evangelie-bediening te vorm, ook deur die goddeloosheid van geestelike magte in die kerk heen, en net hulle tot diens roep wie God self vir sy diens gevorm het.

Skriflesing 1 Samuel 1: 1 – 20, 24 – 28, 2: 12 – 12 – 17, 22 – 25, 30.

Teks 1 Sam. 1: 20: “Sy het hom Samuel genoem, “want”, het sy gesê van die Here het ek hom gevra.”

Tema God skep bedienaars van sy Woord vir die kerk

1. Die offerdiens en aanbidding van die Here is gekaap vir goddeloosheid!

Dit is die posisie van die Here se volk in 1 Samuel 1. Eli en sy seuns het van die huis van die Here 'n afgodstempel gemaak - 'n plek waar hulle hul sonde afgodsdienste kon beoefen. Dit is wat afgodsdienste is – om sonde in die Naam van God as godsdienste te bedryf en uit te leef.

Die huis van die Here is nou die plek om sonde te vier as godsdienste!

Die wyse waarop hulle dit gedoen het, was om die offer van God met minagting te behandel en van die huis van die Here 'n bordeel te maak. Dit word gestel in 2: 17 “die manne het die offer aan die Here met minagting behandel” en in 2: 20 “dat hulle gemeenskap het met die vroue wat diens doen by die ingang van die Tent van Ontmoeting.”

Wie doen dit?

Die priesters wat die offerdiens moes bedien en die plek van aanbidding van God instand moes hou – Eli en sy seuns. Hulle wat die amptelik aangestelde priesterhuis vir die bediening in en versorging van die offerdiens is.

Waar doen hulle dit?

In die tent van Ontmoeting wat die ark van die Here gehuisves het in die dorp Silo. Dit was die besondere van hierdie aanbiddingsplek. Die regte tent wat Moses tydens die uittog uit Egipte laat bou het waarin die ark gehuisves is en waarin priesters die offerdienste uitgevoer het, het nog regtig bestaan en was in die dorp Silo. Van oor die hele Israel het die volk van die Here gekom om die Here hier te kom aanbid.

Hulle het die Here wat hulle uit Egipte verlos het, kom aanbid by die tent en ark waarmee hulle uit Egipte weggetrek het.

Maar hulle offers vir en aanbidding van die Here is juis hier nou verwring om niks anders as sonde te wees nie. Die priesterhuis van Eli het hulle offers, afgodsoffers gemaak en hulle plek van aanbidding 'n bordeel.

2. Ons mag ons nie met die diepte van die ingryping van hierdie priesterfamilie op die geloof en toewyding aan God misgis nie. Dit was nie sommer net slegtheid of onbeholpenheid nie, maar 'n doelbewuste magsgreep op God en sy aanbidding. Daarom verklaar God dat Hy hierdie geestelike mag sal kortknip. (2: 31)

Offers aan die Here is braaivleis vir die gekuier van die priesters en hulle vriende!

Die offers van Israel was nooit afgodsoffers nie. Dit was nooit God se kos soos mense vir afgode kos gee nie. Dit was 'n teken dat God vir die sondes van die volk 'n ander offer gee as wat hulle moes gee – hulle eie lewe! Dit het die Here al aan Abraham gewys met die geleentheid waar hy sy eie seun vir sy eie sondes moes offer. Die Here gee 'n ander offer vir jou sondes in die plek van jou lewe, jou kinders se lewe of enige ander mense se lewe.

Die eerbied waarmee hierdie offer hanteer was, was 'n uitdrukking van die geloof in, die dankbaarheid en aanbidding van God wat jou nie sy offer maak nie. Daarom kon die priester net 'n gedeelte van die vleis wat met 'n vurk in die kookpot raak gestee is kry. Daarom mag priesters nooit van die vet van diere gevat het nie. Die vet van die offer was ook 'n simboliese teken dat die offer aan die Here behoort.

Wat maak Hofni en Pinehas van hierdie tekens van die Here?

Hulle minag die geestelike betekenis daarvan en maak dit kos van God en sy priesters. Dit is hoe die heidennasies geoffer het. Hulle bring kos vir hul god en sy priesters! Omdat die God van Silo hulle god is, is die offer hulle offer. En gee jy nie die offer op hierdie wyse nie, sal hulle met geweld die offer op hierdie wyse vat – dis ons god en ons se kos! Met hierdie geweld vernietig hulle enige geloof dat die offer 'n teken is dat God vir jou in jou plek 'n ander offer vir jou sonde sal gee as jou of jou kinders se lewe.

Met hierdie bygeloof in God, maak hulle God se offers hul braaivleis vir hul goddelose gekuier.

Die vroue wat die huis van die Here versorg, maak Hofni en Pinehas hulle prostitute!

Die tent waarin die offers gebring was word spesifiek in Samuel die tent van Ontmoeting genoem, nie 'n tempel nie. Die tabernakel was 'n plek van aanbidding van God, waar Israel God in aanbidding kom ontmoet. Dit was nooit God se blyplek soos alle ander tempels in en om Israel gode se blyplekke was nie. Die Here se

priesters het net die plek van aanbidding, die tabernakel in stand gehou. Die heidense priesters het iets anders gedoen. Hulle het hulle god vir ander mense lewend verteenwoordig.

Daarom was in al die tempels rondom die tabernakel in Silo, tempelprostitusie deel van godservarings wat jy by afgode gekry het. Wanneer jy omgang het met die priesters wie God se lewende verteenwoordigers is, dan is jy met God self intiem.

Besef u wat die priesterseuns Hofni en Pinehas gedoen het? Hulle het hulle as die god van hul tempel, die tabernakel, se lewende verteenwoordigers opgestel en as jy met hulle intiem verkeer, dan is jy intiem met die god van die tabernakel. In hulle kan jy god se intimiteit self beleef. In hulle is hul god nie net 'n dooie beeld nie maar 'n lewende god binne in jou.

Wat maak hulle van die dienswerkers en diens van die personeel wat die tabernakel in stand hou vir aanbidding? Hulle maak hulle nie mense wat met God op 'n besondere intiem is in sy tempel nie. Hulle maak van hulle prostitute en van die tabernakel 'n bordeel!

Hoekom?

Want so vier hulle sonde in die tempel as hulle godsdiens! Hulle het God gekaap as hulle god, hulle eiendom, hulle dienswerk as die magsposisie van mense wat God verteenwoordig en die diens en aanbidding van God, as hulle bedryf.

3. Wat doen God met hierdie kaping van sy offers en sy aanbidding?

En dit is wat met Hanna gebeur! God skep 'n nuwe priester wat die offers sal bedien sodat die Here se volk Hom weer sal na aanbid as die Here oor alle magte! Die Here gee self 'n seuntjie om die priester te word wat die einde sal bring aan hierdie afgodsbedryf in die Naam van God!

Hanna roep die Here in haar gebed aan as “die Here oor alle magte”. Hierdie is 'n spesifieke beskrywing van die Here in die boeke 1 en 2 Samuel “die Here oor alle magte.” Dit openbaar God as Here teenoor alle ander afgode. In die heidense gemoed van die gemeenskap kon elke mens sy eie god maak en aanbid en elke god het 'n spesifieke mag gehad waarvan jy kon deel word – een afgod vir oeste, 'n ander vir reën, 'n ander vir kinders-kry, 'n ander vir oorlog, vir kuiers en vir kuns.

Hierdie is die gode wat in tempels bly, kos moet kry en deur spesiale geestelike mense verteenwoordig word by ander mense.

Maar die Here is die Here oor alle magte!

Wanneer Hanna die Here só aanroep dan openbaar Hy Homself as die Here oor alle magte, oor alle afgode en ook oor die goddelose mag van Elie en sy seuns oor God se offers en tempel!

Die Here vervang die afgodsdienste van Eli en sy seuns met 'n nuwe priester wat die Here skep in 'n onvrugbare vrou – die seuntjie Samuel.

4. Op hierdie wyse openbaar die Here Hom as die Here van sy verbond met Abraham!

Dit word openbaar in Hanna se kinderloosheid en in die fees waarop die Here haar gebed beantwoord – die loofhuttefees, die fees wat die uittog uit Egipte herdenk by die ark van die Here in die tabernakel wat nog uit die dae van die uittog en intog kom.

Hanna is die geliefde maar kinderlose vrou in bigamie, net soos Sara die geliefde kinderlose vrou in Abraham se bigamie was en Ragel die geliefde maar die onvrugbare vrou van Jakob se bigamie was. Op hierdie wyse maak die Here vir Samuel 'n belofte-kind, 'n kind van sy verbondstrou om God vir sy volk te wees sodat hulle God binne sy verbondstrou kan aanbid.

Hanna maak die Nasireër-belofte dat sy haar kind aan die Here se diens sal wy, net soos Simson en Johannes die Doper deel van die Nasireërgelofte was. Die Here gee vir haar Sameul as seun. Deur haar gebed en gelofte maak God vir Sameul die profeet en priester wat die huis van Eli sal vervang.

Die Here skep weer vir Israel 'n profeet en priester deur Sameul as kind binne die tempel te laat groot word.

5. U moet die openbaring van God se mag hierin raaksien!

Samuel het in die huis van Eli grootgeword vandat hy 3 jaar oud was, deel van die huis waar Hofni en Pinehas die Here net nog 'n afgod gemaak het, sy offer-tekens hulle God en hulle eie kos gemaak het, en die huis van die Here niks minder as 'n bordeel gemaak het nie, maar met die waan van intimiteit met die God van Hofni en Pinehas self.

In hierdie huishouding word Samuel eers as kleuter, toe as tiener en toe as jongman deur die Here gelei om die een te word wat weer aan Israel die Woord van die Here sal verkondig. Die huis van Eli het gemaak dat volgens 1 Samuel 3: 1 die Woord van die Here in hulle dae seldsaam geword het.

Dit is net soos die Here Moses in die huis van die Farao laat grootword het met al hul afgodsdienste om alles van die Egiptiese mag te ken sodat hy die Here se volk uit Egipte kon lei.

Niemand kon in hierdie kinderlose vrou en seuntjie wat in die huis van Eli groot geword het, sien dat die Here Samuel geskep en gevorm het om die diens van die priesterhuis van Lei te vervang wanneer God 'n einde aan Eli en sy seuns se afgodsdienst-bedryf gaan maak nie.

Die Here is die Here van alle magte en Hy verbreek die mag van die priesterhuis van Eli en met sy mag skep Hy weer 'n priesterdiens van God se offer eer en sy aanbidding bedien.

Al wat Israel kon sien is dat hierdie seuntjie is binne die huis van Lei gedoem om net nog 'n Hofni en Pinehas te word – priesters wat die offers van God en sy aanbidding gekaap het om hul afgodsdienst en losbandigheid as die godsdienst van Israel in die tabernakel van die Here te vier.

Samuel se naam is daarom nie net die naam wat wys dat sy ma hom as seun van die Here gevra het nie, maar hy is ook die een wat die volk van die Here gevra het – een wat die tyd waarin God se Woord seldsaam geword het te vervang met 'n tyd waarin die Woord van god weer gehoor kan word, God se offers weer geëer kan word en God weer in die eredienst ontmoet kan word.

6. Ons as kerk van die Here leef ook al meer en meer binne die mag van die huis van Eli – predikante en professore wat die offer van God minag en van die huis van die Here die plek maak waar seksuele losbandigheid as godsdienst binne die eredienste waar God aanbid word, gevier word as godsdienst.

Hoe word dit gedoen?

Die mees opsigtelike hiervan is die ontkenning van Christus se liggaamlike opstanding uit die dood uit. Christus het uit die dood uit opgestaan om met sy plaasbekledende offerdood ons ewige Priester te wees.

Dit is deur sy menswees vandag dat die Here ons in hierdie gemeenskap met hom kan inlyf, my sonde is sy sonde in sy lyding, sy kruisiging, sy dood en ter helle neerdaling en sy heilige en regverdige lewe as mens vandag is myne.

So tree die Here vir ons in sodat ons God sonder sonde en straf, in heiligheid en geregtigheid kan aanbid

Hierdie offer en priesterskap van die Here Jesus, waarvan die offers in die tabernakel tekens was, word geminag deur die nuwe geestelikheid dat Jesus nie opgestaan het en ons daarom nie in hierdie gemeenskap met sy menswees leef – syne is myne en myne is syne nie.

Jesus word net nog 'n goddelike gees wat in ons inkom en in ons opstaan en deur ons lewe – omdat hy soos alle afgode geen gees of lewe van sy eie het nie.

En die viering van seksuele losbandigheid in die eredienste?

Dit is mos presies wat met selfdegeslag verhoudings nou binne in die kerk gevier word in die erediens! Ons moet mans se omgang met mekaar en vrouens se omgang met mekaar in eredienste inseën in die Naam van Jesus Christus. Seksuele losbandigheid, sonde bedryf deur die predikante in die huis van ontmoeting met die Here!

Dit is die geestelike mag van die huis van Eli in die kerk! Ons as gelowiges word in ons geloof in die offer van die Here Jesus geweld aangedoen deur hulle wat die priesterlike taak van die bediening van die evangelie moet uitvoer! Hulle maak ons geloof in die offer van die Here – net geloof in die geestelikheid van hulle rituele en seremonies!

Hulle maak asof ons aanbidding van God dieselfde is as die viering van seksuele losbandigheid as godsdiens.

7. Ons eerste reaksie op hierdie afgodsdiens binne ons kerk is die vraag: wat moet ons doen?”

En dit mag ons vra en ons mag hieraan en hieroor dink!

Maar dit mag mos net nooit ons eerste reaksie wees oor wat die predikante en professore met die minagting van die offer van God en sy aanbidding doen nie.

Kom ons hoor wat God met so magsgroep in sy kerk doen uit 1 Samuel 2: 30 – 35.

“Ek sal dit nooit toelaat nie! ... Want mense wat My eer sal Ek eer, maar mense wat My minag, sal veragtelik wees. ... Kyk die tyd het gekom dat Ek jou mag en die mag van jou vader se huis sal kortknip, sonder dat daar ’n bejaarde in jou huis sal wees. ... “Ek sal vir my ’n betroubare priester aanstel wat volgens my wil en wens sal optree.”

God maak priesters wat God minag, veragtelik! God vernietig die mag wat sulke priesters dink hulle oor God se offer, God se aanbidding, oor God en sy kerk het. God sal hierdie predikers se diens beëindig en vir Hom betroubare priesters aanstel sodat hulle voor die gesalfde van die Here sal diens doen. (2: 35)

Ons mag nooit oor die nuwe huis van Eli se mag in ons kerk, al die nuwe predikers van goddeloosheid en sedeloosheid reageer asof God niks besig is om hieraan te doen nie!

God self is mos reeds besig om die Samuel’s wat Hy nodig het, van hul kinderjare af te skep en te vorm om voor die Here se gesalfde diens te doen – die priesterlike diens van die evangelie verkondiging! Dit is hoe Paulus die werk van predikers beskryf: “Ek bedien die evangelie van Jesus Christus priesterlik, sodat die heidene ’n

aanneemlike offer, geheilig deur die Heilige Gees kan wees. Dit is dan waarop ek my in Christus Jesus beroem: dat ek hierdie offer aan god kan bring.”(Rom. 15: 16,17)

Waar het die Here hierdie Samuel’s wat Hy vir sy kerk voorberei laat groot word?

Binne in die plekke waar Hofni en Pinehas die kerklike leiers en professore is! Daar waar hulle met die mag van skoolsheid en geestelikheid probeer om van die Samuel’s, nog ’n Hofni en Pinehas te maak!

Dit is hulle wat ons dink onder die mag van Hofni en Pinehas die mag om Woord van God iets seldsaam in die kerk maak (3:1) wat de Here Jesus self voorberei om die priesterlike bediening van die evangelie aan sy kerk op te neem.

8. Eers wanneer ons glo in God wat self sy kerk se dienaars skep en roep, deur die afgodsdien van ons tyd heen en onder die mag van hulle wat God se offer minag en van die kerk net nog ’n bordeel vir hulle sedeloosheid maak, dat ons die vraag as gelowiges moet vra – wat moet ons maak?

Omdat God besig was Samuel’s te skep en te vorm vir sy diens – moet gemeentes wat deel van die priesterlike bediening van die evangelie hierdie Samuel’s gaan doek en beroep tot die Here se diens, en Hofni en Pinehas uit die gemeentes van die Here weer. Ons moet nie Hofni en Pinehas tot die diens van die Here beroep nie.

Ons hoef nie die huis van Eli te beveg nie – God gaan hulle vernietig deur hulle in hulle minagting vir God as die Here, veragtelik te maak. Daarom kan ons die eredienste van die Here nie openbare gevegsfronte nie, maar hou ons dit in stand vir die Here om met sy offer sondaars vir sy diens te heilig en om Hom te aanbid.

Ons mag hulle wat Hofni en Pinehas in die kerk is, eer en vereer as God se dienaars wanneer God hulle veragtelik maak nie! Die titel dominee en professor wat hulle kaap vir die viering van sonde as godsdien, mag ons nie dwing om hulle as bedienaars van die Woord van god te erken nie. God maak hulle veragtelik en ons moet hulle daarvoor verag.

Om nog predikante en professore te eer terwyl hulle God se offer minag en sedeloosheid as liefde vier, is om Hofni en Pinehas steeds as die Here se dienaars te vereer, terwyl hulle God minag!

Ons moet van hulle geestelike byeenkomste wegbly! Hulle geestelike byeenkomste is nie meer eredienste vir die aanbidding van God nie. Dit is ’n gesellige gekuier in die Naam van God. God se offers en aanbidding word geëet vir geestelike gekuier waar mense lag, dans en handeklap in die Naam van God.

Ons mag nie maak of dit net twee maniere is om die Here te dien nie. Die offers en aanbidding wat die Here heilig vir die diens van Samuel is om die goddelose feeste van Hofni en Pinehas te vernietig.

Daarom moet ons in hierdie geloofsdaad volhard – kom ons bid vir die Samuel's wat god besig is om vir sy diens te skep en te vorm, in hul kleuterjare, tienerjare en jongmenslewe onder die mag van die huis van Eli – predikante en professore wat hule wil leer om sonde as godsdiens in eredienste te vier.